Uitgawe / Issue 77

# Protea Nuus / News

## March / April 2026



Foto: Johann Smit

nuusbrief@proteawilgers.co.za

WhatsApp messages can be sent to:

071 370 3283

This newsletter is also available in pdf format. / Hierdie nuusbrief is ook beskikbaar in pdf formaat.

# Sosiale komitee

In Covid-tyd het die kunstenaar, Fourie Ackermann, wat sedert 2015 in Friemersheim woon, besluit om die mure van die huise te versier met skilderye. Die projek is steeds aan die gang, en die dorpie het 'n toeriste-aantreklikheid geword.  Ons het die voorreg gehad om dit self te sien.

Enigiets wat jy skep en versier, veroorsaak vreugde vir jou en ander.

Marlisa Smit



**Friemersheim is 'n kunsgalery!**
Friemersheim is 'n klein dorpie, 15 km van Groot Brakrivier. Dit lê teen die heuwels van die Outeniquaberge. Die huise is eenvoudig, kinders en diere loop in die pad. Ten spyte van die armoede, is daar vreugde en trots.



Laat my toe om te vertel:

Eerwaarde Johann Kretzner van die Berlynse Sendinggenootskap, het 'n kerk en 'n skool gebou op 'n klein plasie, Gonnakraal, wat hy vir sy suster gekoop het.

Na sy suster se dood, het die gemeente Friemersheim geword, vernoem na eerw. Kretzner se geboortestad. In 1960 het die gemeente die dorpie aan die staat verkoop.

Na 1963 het die firma Searles van Groot-Brakrivier denneplantasies op Gonnakraal besit. In 1999 stig die bestaansboere die Friemersheim Kleinboerevereniging. Aan inwoners is erwe van twee hektaar beskikbaargestel om groente vir die plaaslike mark te verbou. Op baie klein skaal word met beeste en skape geboer.

Inligting Wikipedia

# Uit die kantoor

Januarie het voorwaar aan Karen Mouton van die kantoor en haar ouers oupa- en ouma-grootjie **Francois en Hannie de Bruin** van huis 53, 'n groot geskenk gebring, met die geboorte van die pragtige kleindogter Mia. Baie geluk aan julle en mag sy vir julle almal groot vreugde bring.



**Geagte leser**
Baie dankie vir julle waardevolle terugvoer oor die nuusbrief.
Neem asseblief kennis dat dit vir ons moeilik is om inhoud te lewer indien ons nie bydraes van u ontvang nie. Mooi foto's wat ons vir voorblad kan gebruik asook interessante stories. Gaan krap so bietjie rond in en om gebeure rondom jou.
Ons is soms genoodsaak om kunsmatige intelligensie te gebruik vir redigering en aanpassings.
Ons vra vriendelik dat u dit asseblief sal verdra.
Indien u enige bydraes wil lewer, is u meer as welkom.
Ons waardeer dit opreg en sal dit gebruik sodra dit moontlik is.

Vriendelike groete

Redaksie

# *Joey Visser word 100 jaar oud!!*






Johanna Christina (Joey) Visser is op die 26e Mei 1926 as 'n unieke Karoo -kind van Gezie en Joachem Jacobs gebore. Sy is die 2e oudste van 4 kinders.

Sy tree in die huwelik met Nic Visser wat haar reeds in 1988 ontval het.

Drie kinders is uit die huwelik gebore…Nicky, Esmé en Edna. Daar is ook 9 kleinkinders en 12 agterkleinkinders.

Ma Joey is 'n gelowige wat vroeër jare as 'n ouderling opgetree het en gereeld bidure saam met haar vriendinne in die oord gehou het.

Sy het ons van die Here se Groot Genade en Liefde vertel.

Sy is 'n bederf-ma en bederf-ouma. 'n Ma wat altyd ander gelukkig wil sien.

Ma Joey het die vermoë gehad om uit bykans niks 'n maaltyd vir 'n koning voor te sit. Ons het haar altyd bewonder vir haar heerlike kos.

Die Here het 'n wonderlike engel geskep wat ons lewens op soveel maniere aangeraak en verryk het.

Hy het vir haar 'n glimlag van sonskyn gegee en vir haar 'n hart uit suiwer goud gegiet.

Haar oë het hy laat sprankel soos sterre en wange so rooi soos rose.

Die Here het die engel Ma genoem en haar vir ons gegee.

Ons is die Here ewig dankbaar vir 'n ma soos sy.

Ons ma Joey is vir die wêreld net 'n ma, maar vir ons is sy die hele wêreld!!










**Redaksie**

Samesteller: Cecile Vermeulen

Medewerkers:

Karen Mouton / Carla van Amerom

Proeflesers Afrikaans: Erika Fouché, Joey Benadie

Proeflesers Engels: Brenda Blignaut, Frances de Souza.

# Nuwe Intrekkers



Jan en Corrie Zwanepoel is vanaf 15 Desember 2025 nuwe intrekkers in huis 2. Alhoewel hulle voorheen in Pretoria woonagtig was, het hulle vanaf Greenhart, Palm Beach in KZN na Protea verhuis.

Jan was ‘n senior offisier in die SAPD en in sy vrye tyd ‘n kranige houtwerker. Die egpaar het een seun en twee dogters en is reeds geseënd met 5 kleinkinders.

Ons glo en vertrou dat Jan en Corrie lekker in Protea gaan bly en ‘n aanwins vir ons gemeenskap gaan wees.



Hartlik welkom aan Annatjie de Beer, ‘n nuwe intrekker in huis 65.

Annatjie was voorheen op ‘n plaas buite Lydenburg woonagtig waar sy saam met haar seun gebly het. Haar seun het intussen na die buiteland verhuis waarna sy besluit het om haar in Protea te kom vestig. Annatjie het twee seuns en ‘n dogter en is die trotse ouma van 5 kleinkinders en twee agter-kleinkinders. Sy is ‘n liefhebber van blomme en het voorheen twee bloemiste winkels besit.

Ons almal in Protea vertrou jy gaan jou verblyf sommer baie geniet.

Cas en Heleen Knoetze is nuwe intrekkers in huis 20. Die egpaar is beide op Middelburg (Mpumalanga) gebore en is reeds 58 jaar getroud.

Hulle het 2 kinders: ‘n dogter, en ‘n seun wat in Nieu Zeeland werk.

Hulle het altesaam 55 jaar in Kwazulu-Natal gewoon waar Cas sy eie Ingenieursbesigheid in Empangeni gehad het.

Heleen het aan die destydse Heidelberg Onderwyskollege studeer waarna sy vir 30 jaar ‘n onderwyseres was.

Cas het in sy vrye tyd graag gholf gespeel en visgevang. Na hul aftrede het hulle in Hillcrest, Durban gaan woon waarna hulle besluit het om in Pretoria te kom bly, nader aan hulle dogter.

Ons wens Cas en Heleen alles wat mooi is toe vir die toekoms en dat hulle sommer baie lekker in Protea sal bly.



Mollie en Brian van Niekerk het ingetrek by huis 70 op die 16de Desember ’n baie reënerige dag. Baie welkom en ons hoop julle gaan baie lekker bly en gelukkig wees hier by ons in Protea Aftreeoord.

Shirley Compton is vanaf 1 Februarie 2026 'n nuwe intrekker by Huis 107. Shirley, voorheen van Kwazulu-Natal, woon reeds die afgelope tien jaar in Pretoria en werk steeds voltyds as bemarker by Frozen For You , in Hazelwood.

Sy het twee dogters en 'n seun asook vyf kleinkinders en selfs een agter-kleinseun.

Haar stokperdjies is stap en lees.

Sy beleef die inwoners as baie behulpsaam en vriendelik. Ons wens jou 'n aangename verblyf hier in Protea toe en dat jy sommer gou by die oord se aktiwiteite sal inskakel.





Yvonne Greyling is vanaf einde Februarie 2026 'n nuwe intrekker in huis 6.

Yvonne kom van Bethlehem in die Oos-Vrystaat en het op 'n plaas grootgeword. Sy het 'n seun en twee kleinkinders, albei dogtertjies.

Sy is baie lief vir stap, teken, tuinmaak, lees en om in te kleur. Baie welkom in Protea, Yvonne. Ons vertrou dat jy sommer gou tuis sal voel en by die Oord se aktiwiteite sal inskakel.

**Onthou Donderdagmiddag en Vrydag 28 en 29 Mei is dit weer Witolifantverkoping.**

Bydrae is steeds welkom kontak gerus vir Christelle van der Merwe

Selfoon: 082 377 3785

**14 Feb**





## Ontmoet-en-Kuier

Op 14 Februarie het die sosiale komitee ’n ontmoet-en-kuier in die tuin vir almal by Protea Aftree oord gereël. Ongelukkig het reën ons planne verander en moes ons na die saal verskuif.

Ten spyte daarvan het almal heerlik saam gekuier in ’n warm en gesellige atmosfeer en die verskeidenheid smaaklike eetgoed wat elkeen gebring het, is baie geniet.

Baie dankie aan almal vir julle bydrae tot die aangename kuier en goeie geselskap. Ons kan beslis in die toekoms meer sulke gesellighede reël.





# 60 years

The end of an era … or a new beginning...














For about sixty years, this grand old tree stood as a centrepiece of our village, offering cool shade and a welcoming refuge for both the Hadidas and countless other birds. Its leafy canopy was a source of beauty and comfort, creating a peaceful haven for both wildlife and residents. However, as the tree aged, its health declined and branches began to break and the trunk showed signs of decay, making it a growing hazard to the three houses surrounding it. With heavy hearts, the community decided to take the tree down to protect their homes and loved ones. Its absence leaves a void, not only in the landscape but in the memories of those who enjoyed its shelter and the lively chorus of birds it attracted.

## *In Memoriam*




**Op Sondag, 22 Februarie 2026, is Dana Muller stil en rustig oorlede — presies soos ons hom geken het.**

Hy was 'n vriendelike, nederige en baie privaat mens. Al het hy nie baie gekuier nie, was hy altyd teenwoordig waar dit nodig was. Sy rustige teenwoordigheid en sagtheid het hom besonders gemaak.

Dana was trots op sy kinders en kleinkinders — trots op 'n manier wat net 'n liefdevolle oupa kan wees. Hy het nie altyd groot woorde gebruik om sy liefde te wys nie, maar almal wat hom geken het, het dit gevoel.

Ons onthou hom met waardering, sagte herinneringe en groot respek. 'n Sagte mens, 'n stille siel, 'n liefdevolle oupa.

Mag hy in vrede rus.



## ’n Ode aan Pat Verner

Daar is mense wie se lewens nie hard praat nie, maar diep praat.
Mense wat nie aandag vra nie, maar dit natuurlik dra.
Pat Verner was so ’n man.
Hy was ’n man van liefde -
lief vir Elsabé,
lief vir sy kinders en kleinkinders,
lief vir die eenvoudige, kosbare ritme van familie.
Sondae het hy sy vreugde kom deel - foto’s van sy kleinkinders, met daardie kenmerkende, stille trots.
Hy het nie net oor hulle gepraat nie - hy het hulle geleef.
Hy het vir hulle gelees, tyd gemaak, teenwoordig gewees.
Daar is ‘n pragtige foto van hom wat lees - nie net ’n oupa met ’n boek nie, maar ’n man wat liefde oordra, bladsy vir bladsy.
En dan was daar Elsabé. Sy groot liefde. Sy lewensmaat. Sy gemis.
Elke aand het hy haar foto gesoen - ’n eenvoudige gebaar wat meer sê as groot woorde.
Liefde het nie opgehou toe sy vooruit is nie. Dit het net stiller geword. Dieper.
Maar Pat was nie net ’n man van hart nie. Hy was ook ’n man van skerp verstand.
Hy was hoogs gewaardeer deur sy kollegas.
’n Jonger kollega uit sy WNNR-dae vertel dat hy al soveel van Pat gehoor het voordat hy hom die eerste keer ontmoet het.
Sy naam het hom vooruitgegaan.
Hy was analities, presies, helder.
Hy kon ’n situasie opsom met ’n paar woorde.
Hy het patrone raakgesien waar ander nog gesoek het.
Daar is die storie van London se lughawe - voor GPS, toe padkaarte nog oopgevou op skote gelê het en mens maklik kon verdwaal.
’n Kollega het homself flou gesukkel om die pad te vind, kaart langs hom, oë tussen pad en papier. Hy moes Pat gaan oplaai. Pat klim in die kar in, gee die kaart een kyk, en sê rustig: “O, dis waar ons nou is, en ons gaan soontoe.” Met een oogopslag het hy die groter prentjie gesien. Hy het geweet waar hulle is en waarheen hulle op pad is.
Miskien is dit waarom hy so ’n uitstekende brugspeler was. Brug vra meer as kaarte.
Dit vra insig. Vooruitsig. Strategie. Rustigheid. Dit vra die vermoë om te sien wat ander miskyk.
En tog -
vir al sy skerpheid,
vir al sy analitiese vermoë -
sal ons hom nie net onthou vir wat hy geweet het nie,
maar vir hoe hy liefgehad het.
Hy was ’n man wie se verstand gerespekteer is en wie se hart vertrou is.
Vandag voel dit vir ons asof ons die kaart weer moet oopvou en probeer uitwerk waar ons nou is sonder sy rustige stem wat sê: “Dis waar ons is, en ons gaan soontoe.”
Maar ons weet dit: Hy het sy reis met waardigheid gestap. Hy het sy liefde ruim geleef.
En sy naam - soos daardie jong kollega gesê het - gaan steeds vooruit.
Ons gaan hom mis.
Sy stories.
Sy skerp opmerkings.
Sy stil teenwoordigheid.
Sy liefde.
Maar dankbaar bly ons ook. Vir ’n lewe wat voluit geleef is. Vir ’n verstand wat helder gebrand het. Vir ’n hart wat getrou gebly het.
Pat -
met respek,
met liefde,
en met diep dankbaarheid -
groet ons jou.



**Stoepkuier met  Henk Botes oftewel Henk de Kat**

Wat 'n heerlike kuier in die saal was hierdie met die tema Stoepkuier, soos in ons kinderdae by Ouma, kuier almal saam rondom die koffie en eetgoed terwyl iemand lekker musiek maak in die agtergrond. In hierdie geval Henk Botes met sy effens uitheemse maar tog lekker musiek. Baie dankie aan die sosiale komitee en helpers wat die reëlings getref het en ons so lekker laat kuier het.







12 Maart



# Navorsers oorleef uiterste Antarktika-toetse

*Elize Parker (Citizen/Rekord )* Maart 29, 2026

Senior dosent en geoloog, dr. Herman van Niekerk van die Universiteit van Johannesburg, het tydens die 2025/26 Suid-Afrikaanse Antarktiese ekspedisie byna sy span in storms van 145km/h verloor.



*Dr. Herman van Niekerk (heel regs) en sy span: Dean Isaacs, Nina Woithe en prof. Marlina Elburg. Foto: Verskaf*

Toe die **Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie (SANAE)**-span laat in Desember 2025 met die SA AgulhasII suidwaarts na Antarktika vertrek, het geoloog en akademikus, dr. Herman van Niekerk, geweet die reis sou nie net ’n wetenskaplike sending wees nie. Dit sou ook ’n toets van uithouvermoë, spanwerk en oorlewing wees.

“Ons kon werklik nie raai wat op ons sou wag nie,” het hy onlangs aan die Protea-aftreeoord Pretoria-Oos se inwoners vertel.

Van Niekerk, verbonde aan die Universiteit van Johannesburg se Department van Geologie, was deel van die 2025/26-seisoen se geologiese ekspedisie na die ysbedekte vasteland.

Die legendariese ysbrekerskip, die SA Agulhas 2, het op 24 Desember 2025 uit Suid-Afrika vertrek.

Die son het reeds toe op 21 Desember begin draai, ’n verontrustellende gedagte vir Van Niekerk wat gevoel het hul moes moontlik vroeër vertrek het.

Altesaam 1.6 ton toerusting moes deur die geologie-span saamgeneem word. Van tente en wetenskaplike instrumente tot brandstof en kos is in ’n skeepshouer vir die span gelaai. Die toerusting is met die ysbrekerskip vervoer en later met CAT Challengers en sleë na die Suid-Afrikaanse navorsingsbasis, SANAE4, op die vasteland geneem met aankoms.

**Van Adar is dit deur die geologies span met sneeumotorfietse en sleë na hul navorsingsgebied, 170km van die basis, geneem.**

Van Niekerk het vertel hoe die grootste uitdaging in hierdie stadium van ’n sending is om juis eers ’n veilige aflaaipunt op die ysbank langs die see te vind.

Hy het uitgebrei oor hoe deeglik voorbereiding vir hierdie tipe sending is, veral ook die opleiding met sneeumotorfietse.

Hy het beklemtoon dat oorlewing ook afhanklik is van die regte toerusting: “As jy nie reg ingerig is nie, gaan jy dit nie maak nie.”

**Hoewel baie mense Antarktika as ’n eindelose wit vlakte beskou, is die werklikheid meer kompleks.**

“Min mense weet onder die ysoppervlakte het Antarktika berge en rotsformasies ook,” het hy verduidelik.

Hierdie onderliggende geologie is deel van die rede waarom geoloë na die vasteland gestuur word sodat navorsing gedoen kan word oor juis wat die rotse en die verandering daaraan, oor kwessies soos globale verwarming aan navorsers kan uitwys.

Van Niekerk neem sy persoonlike leuse uit die woorde van die Britse avonturier en Antarktiese ekspedisie leier, Sir Ernest Shackleton: “Deur volharding oorwin ons.”



*Dr. Herman van Niekerk, leier van ’n Antarktiese eskpedisie in 2025/26.*

*Foto: Elize Parker*

Shackleton is op 5 Januarie 1922 op 47-jarige ouderdom oorlede aan ’n hartaanval. Hy het gesterf aan boord van sy skip, die Quest, terwyl dit in die hawe van Grytviken op Suid-Georgië geanker was tydens sy vierde Antarktiese ekspedisie. Op versoek van sy vrou is hy in Grytviken begrawe.

Van Niekerk het in 2018 Shackleton se graf op Antarktika besoek en vertel dat hy homself in moeilike tye tydens ekspedisies afvra: Wat sou Shackleton gedoen het?

Volgens die ervare geoloog is lewensbedreigende situasies volop in Antarktika. Hy beskryf die vasteland onomwonde: “Antarktika wil jou eintlik doodmaak en dis hoekom niks daar maklik is nie.”



*Die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktika-ekspedisie se navorsings- en oorwinteringsbasis op Antarktika, SANAE4. Foto: Marlina Elburg*

**Die ekspedisie se span het met hul veldwerk en navorsing weg van die SANAE-basis in tente gebly tydens veldwerk.**

Een van die grootste gevare om op die vasteland te beweeg is skeure, oftewel diep krake in die ys waarin ’n mens of voertuig kan val.

Tydens een van die projekte is Van Niekerk en sy span na ’n ou depot gestuur om toerusting te herwin. Die reis is in uiters moeilike omstandighede aangepak. Winde het tot 145km per uur gewaai en die sneeumotorfietse het herhaaldelik in sagte sneeu vasgesit.

“Gelukkig is daar meesal ’n satellietverbindings, ook vir radiokompas en leiding vanaf die basis,” het Van Niekerk gesê.

Dit was nog lank nie die enigste emosioneel uitdagende voorval nie. ’n Storm het hulle op ’n slag tien ure vertraag en teen die tyd dat hulle by veldwerkbasis aangekom het, was hulle reeds vir 24 uur wakker.

In ’n stadium moes hulle ontdek dat die brandstof in een van die voorraaddromme minder was as wat hulle gedink het.

**Tog moes die veldwerk altyd voortgaan al het die weer min saamgespeel.**

Elektroniese toerusting het met hul terugtog begin vries. GPS-skerms, horlosies en beskermbrille is met yslae oortrek, wat navigasie nog moeiliker gemaak het.

Uiteindelik het ’n weerstoestand hulle ook getref waarin sigbaarheid en kontras ernstig verminder was deur sneeu.

Die span het met die amper katastrofale terugtog besef hulle is 800 meter van hulle beplande roete af en hulle niks kon sien nie. In die swak sigbaarheid het een van die sneeumotorfietse ’n skeur getref en ’n spanlid is van die voertuig afgegooi. Dit het ure geneem om almal en alles weer te organiseer om die tog verder aan te pak.

Van Niekerk het vertel oor hierdie gevaarlike oomblikke: “Ek het amper my span verloor.”

Sy span het bestaan uit professor Marlina Elburg en studente Dean Isaacs en Nina Woithe.

Uiteindelik na al die veldwerk voltooi is en verskeie krisisse afgeweer is, het hulle met drie sneeu motorfietse en vier sleë by die basis aangekom.

“Dit is net die Here se genade dat ons betyds teruggekeer het. ’n Paar uur later en ons sou bes moontlik nie by die basis uitgekom het nie.”

**Elburg het ernstige vriesbrand aan haar hande en voete opgedoen.**

“Nog ’n genade is dat ons wel ’n paar windlose dae gehad het.”

Kort na hul terugkoms by die hoofbasis is Van Niekerk en sy span per helikopter terug na die wagtende

ysbrekerskip. Die SA AgulhasII kon egter nie onmiddellik teruggekeer Suid-Afrika toe nie. Die skip is herlei om 'n siek 17-jarige meisie op die eiland Tristan da Cunha op te laai en na mediese hulp in Kaapstad te vervoer.

Die ekspedisie-span het eers op 27 Februarie weer in Suid-Afrika aangekom.

Van die geologiese span se navorsing in Antarktika fokus onder meer op klimaatsverandering en voedselsekerheid. In kort, verduidelik Van Niekerk, spits een van die projekte se navorsers hul toe op die beweging van gletsers en hoe dit oseaanstrome beïnvloed. Dit het weer 'n direkte impak op die verspreiding van voedingstowwe in die see en dus op die mariene hulpbronne waarvan mense wêreldwyd afhanklik is.

Die voorbereiding vir die 2026/27-ekspedisie het reeds begin en Van Niekerk is reeds gereed om hom sielkundig voor te berei.

"Antarktika haal alles uit 'n mens uit: fisies, emosioneel en geestelik. Tog, dit bly 'n plek waar wetenskaplikes belangrike antwoorde soek en vind oor die toekoms van die planeet."




Kyk hier na beeldmateriaal van die span se tuiskoms in Februarie: https://www.facebook.com/reel/1870953086950700

**Elize Parker**

*Elize Parker is a senior journalist with more than 25 years of experience covering especially environmental, municipal and profile articles. She writes investigative reports, profiles, social articles and consumer related articles and also does photographs and multimedia to go with these. Previously she worked as a news editor for a radio station, news reader, a magazine journalist with women's magazines and as a column writer.*

Baie dankie aan Elize Parker vir haar artikel oor Dr van Niekerk en Antartika

SUPERSPAR Glenfair

Cnr Lynnwood & Daventry Roads, Lynnwood Manor,

0123481348

glenfairlynnwood1@retail.spar.co.za

Mon-Fri: 08h00 - 19h00

Saturday: 08h00 - 19h00

Sunday: 08h00 - 16h00

Public Holidays: 08h00 - 17h00

Note: Open on Christmas Day

Baie dankie

**Glenfair Superspar**

vir julle wonderlike bydrae tydens Dr Herman van Niekerk se praatjie oor Antartika

*Sommige mense, ongeag hoe oud hulle word,*

*verloor nooit hulle skoonheid nie.*

*Hulle skuif dit net van hul gesigte na hul harte.*

*- Martin Buxbam -*



## Reuse legkaart projek





Ons het in fase 2 'n reuse legkaart projek gehad.
Op die stoep van Gert en Mundia Louw.
3,000 stukke, 82cm x 115cm.
Lucius het ŉ geskikte "bou bord" ontwerp en geskep.
Die" legkaart bouers" het vir 7 weke gebou, van 6vm tot 6nm.
Elke dag
Die ankerbouers was Mundia, Piet en Henta.
Gert het tee aangedra.
Gaste moes help bou.
As hierdie bouers jonger was, sou hulle in die lug opgespring het van vreugde!
Baie geluk julle.

# WORDSEARCH

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | N | S | P | I | R | A | T | I | O | N | T | T | X | Z |
| E | C | N | A | N | E | T | N | I | A | M | E | W | J | I |
| T | N | E | M | I | D | O | B | M | E | V | L | V | O | E |
| E | T | R | X | S | G | S | E | S | A | B | S | X | G | F |
| S | Y | T | I | L | I | B | A | T | N | U | O | C | C | A |
| C | Z | P | N | Y | R | W | G | X | Y | K | L | B | W | S |
| H | C | V | S | T | G | E | U | P | Q | Q | R | O | I | O |
| O | L | S | T | I | S | P | S | D | P | X | X | O | C | K |
| O | E | R | R | X | M | E | B | E | B | H | N | M | A | D |
| L | A | O | U | E | X | N | P | J | N | Q | M | E | X | J |
| B | R | O | C | L | D | R | F | M | P | T | R | R | Q | X |
| O | A | D | T | P | A | H | E | S | A | B | M | M | P | J |
| Y | N | T | I | M | A | P | I | J | Y | W | B | E | K | R |
| Z | C | U | O | O | S | U | W | A | L | W | P | Q | N | U |
| I | E | O | N | C | F | H | D | A | Z | S | T | H | L | T |

ACCOUNTABILITY
BASES
BOOMER
CLEARANCE
COMPLEXITY
DAYBREAK
EMBODIMENT
INSPIRATION
INSTRUCTION
MAINTENANCE
OUTDOORS
RESENTMENT
SCHOOLBOY

## Noodnommers

**Kantoor: 012 807 1963**

**Paxton: 012 365 3320**

**Sr.Thabiso Hlongwe : 060 767 8718**

**Nagverpleegster: 060 767 8718**

**Critical Care: (Ambulans) 061 875 0307**

**Elna (Bethesda spyseniers) 072 844 3917**

**Haarkapster: Melanie Senekal 082 857 0151**

**Naeltegnikus: Gloria Mampane 062 214 0745**

**Comsafe: 086 014 1516**

**Hek Fase 1: 068 573 6196**

**Hek Fase 2: 081 347 4387**

**Garsfontein Polisie: 012 472 0144**

**Hannes (na-ure)* 082 924 0222**

***slegs noodgevalle asseblief!**

## Protea Bussie Roetes en Tariewe

Bespreek asseblief by Carla in die kantoor vir die spesifieke rit wat julle wil gebruik.

Dinsdag: The Grove

Woensdag: Willows

Donderdag: Glenfair en Lynnridge Walk

Gewone roetes R25 retoer

Spesiale roetes R100 tot R150 (Maximum 10km)



## Wat ek geleer het…

Omgee vir mense is nooit tevergeefs nie.
Kyk uit vir jou bure, veral diegene wat alleen woon.
As iets jou pla of vreemd voel, volg jou instink — jy weet nooit wanneer iemand dalk hulp nodig het nie.

Vriend, die lewe is eenvoudig te kort om met spyt wakker te word.
Wees lief vir die mense wat jou goed behandel.
En vergewe dié wat dit nie doen nie — nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat **jy vrede verdien**.

Glo dat alles met 'n rede gebeur.
Wanneer jy 'n tweede kans kry, gryp dit vas met al-bei hande.
As verandering by jou deur kom klop, laat dit in — dit kan jou lewe net mooier maak.

Neem 'n paar oomblikke om asem te haal voordat jy optree wanneer jy kwaad is.
Vergewe vinnig.
Laat gaan makliker.

God het nooit gesê die lewe sal maklik wees nie — maar Hy het belowe dat dit die moeite werd sal wees.

'n Ware vriend is iemand wat langs jou bly stap, selfs wanneer die wêreld besluit om oor jou te loop.

Anoniem

## Die biblioteek skud sy vere reg.

Daar moes dringend meer plek gemaak word in 'n oorvol biblioteek, regpak en herorganiseer.

Ons het 'n aantal baie ou, vergeelde Afrikaanse liefdesverhale uitgerangeer. Die boeke is baie selde indien ooit, uitgeneem. Hulle is geskuif na waar die vorige haarsalon was. Inwoners sal toegang hê om van daardie boeke te neem en te lees en weer terug te bring- sonder om dit uit te teken.

Afhangende van die inwoners se behoeftes, kan besluit word om die boeke uit te deel aan persone of instansies wat hulle graag wil hê.

Nou is daar plek om die Engelse boeke te spasieer en meer toeganklik te maak. Hopelik sal die nuwe baadjie goed pas en sal dit steeds lekker wees om daar te vertoef.

Dit mag dalk 'n rukkie neem voor die werk afgehandel is.

# Verjaardae / Birthdays



## April

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 135 | Irma | Jansen van Ryssen |
| 5 | 28 | Hans | Krüger |
| 6 | 4 | Kobus | Steyn |
| 6 | 157 | Joey | Benadie |
| 6 | 159 | Elsie | Verheem |
| 7 | 90 | Marietjie | Middleton |
| 9 | 37 | Joy | Kirstein |
| 9 | 131 | Albert | Grobbelaar |
| 10 | 2 | Corrie | Zwanepoel |
| 12 | 63 | Rita | Van Niekerk |
| 13 | 70 | Bryan | Van Niekerk |
| 14 | 2 | Jan | Zwanepoel |
| 15 | 160 | Pottie | Potgieter |
| 18 | 94 | Marie | van Wyk |
| 18 | 134 | Renny | Stoltz |
| 22 | 117 | Surie | Dobie |
| 23 | 134 | Alec | Stoltz |
| 23 | 136 | Elsabe | Louwrens |
| 26 | 91 | Ros | White |
| 26 | 114 | Jan | Myburgh |

## May

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 54 | Martin | Fouché |
| 6 | 138 | Phil | Smit |
| 9 | 44 | Elsa | Bredenhann |
| 9 | 147 | Paul | Human |
| 12 | 87 | Laura | Marais |
| 13 | 9 | Marie | Hermann |
| 13 | 101 | Anne-Marie | Gerretsen |
| 15 | 47 | Riekkie | Vogt |
| 17 | 104 | Gert | Swart |
| 17 | 141 | Marthie | Slabber |
| 19 | 56 | Petro | Kruger |
| 19 | 111 | Bob | Preller |
| 20 | 115 | Rykie | Smith |
| 21 | 39 | Cielie | Luckhoff |
| 21 | 62 | Hannes | Rothmann |
| 22 | 43 | Nellie | Havenaar |
| 23 | 80 | Jaap | Kroon |
| 25 | 119 | Inkie | Liebenberg |
| 26 | 18 | Joey | Visser |
| 27 | 59 | Jorrie | Jordaan |
| 27 | 74 | Anna-Marie | Steyn |
| 27 | 118 | Fanny | Maree |
| 28 | 153 | Russell | Davis |
| 30 | 21 | Rina | Streuderst |

## June

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 12 | Tilly | King |
| 1 | 61 | Vernon | Scrooby |
| 2 | 33 | Dewald | Slabbert |
| 4 | 156 | Johann | Smit |
| 8 | 64 | Tienie | Cronje |
| 9 | 17 | Colleen | Pretorius |
| 9 | 104 | Elsie | Swart |
| 11 | 3 | Henk | Van Dommelen |
| 11 | 127 | Nora | Harris |
| 12 | 15 | Muriel | Sedgman |
| 17 | 57 | Annette | Le Roux |
| 17 | 84 | Ria | Parrott |
| 18 | 103 | Francis | Allison |
| 19 | 13 | Susan | van Dyk |
| 22 | 93 | Tos | van der Merwe |
| 23 | 116 | Lettie | Morris |
| 26 | 77 | Jos | Kamminga |
| 26 | 128 | Sylvia | Oosthuizen |
| 27 | 48 | Jane | Guilford |

# Wilgers Apteek

ARRIE NEL

Familie Waardes

APTEEKGROEP

Waarde vir die hele Familie!

*Waar jou Familie deel van ons Familie word*

## Jou Familie Apteek

Skakel ons by : 012 807 5182

Epos : wilgers@arrienel.co.za

WatsApp Bestellings

072 874 0744





Maandae—Vrydae
8:30-19:00

Saterdae
8:30-15:00

Sondae
9:30-12:30









Borg graag hierdie Uitsonderlike Nuusbrief

Gratis Aflewering

